**KOöRDINERING**
**AJ Burger**

In hierdie nuut geskepte pos, was die doel om te skakel tussen portefeuljes en so ook interne kommunikasie te bevorder en in alle portefeuljes van hulp te wees.

PRESIDENT
In my hoedanigheid as protefeulje koördineerder, was dit my primêre doel om Mnr. Langenhoven van raad te bedien, asook om sy werkslading te verlig. Op hierdie wyse kon daar kreatief gedink word en hierdie kreatiewe denke, kon tot aksie oorgaan.

BEOORDELAARS & KURSUSSE
Om dit makliker te maak vir beoordelaars van afgeleë plekke om die SABoerperd beoordelaarseksamen te kon aflê, was dit vir my 'n voorreg om toesig te hou oor eksamens afgelê deur
- Pierre Jacobs;
- Jakes Jacobs;
- Enid Norton (sy het ook 'n Ruiterkuns beoordelaar eksamen geslaag);
- Kokkies Rademan (het al SA Boerperde gery);
- Wim Bester.

Die skakeling was met Frikkie Combrink.

BEMARKING
Die bemarkingskonsultant, Carine Botha (Meraci), is genader en met die Raad in aanraking gebring om 'n breë profiel saam te stel t.o.v. van ons huidige bemarkingstrategie, asook aanbevelings te maak van hoe om dit te verbeter. Sy het geskakel met Petro Grové.

VEILINGS
Die Raad se gesindheid is positief omtrent veiling tydens SA Kampioenskap. Dit is 'n verlenging van die diens van die Raad.

FINANSIES
Finansies is altyd 'n uitdaging. Ek probeer om lede positief te hou sodat hulle lojaal bly aan ons Genootskap en met die Raad in verbinding bly.

BORGSKAPPE
Lede se borgskappe vir die Nasionale Skou is 'n groot riem onder die hart vir die Raad en word waardeer. 'n Genootskap wat homself kan help, kwalifiseer makliker vir borge van buite en in die verband doen ek 'n beroep op lede om ons hand te vat in die toekoms.

Perde is die samebindende faktor in die Genootskap. Mense is die Genootskap. Saam is dit moontlik dat die SA Boerperd kan groei. Diens aan bestaande lede was vanjaar prioriteit om lede te behou. Daarom het Raadslede sover moontlik uitgereik na skoue, keurings en kursusse.

*"A dog may be man's best friend*
*But horses wrote history."*

Ons as lede skryf die Geskiedenis van die Genootskap.

Dit was 'n voorreg om hierdie jaar op die Raad te dien.
Dank aan al die raadslede vir die positiewe gees waarin ons die ledebelange kon behartig.